

18 Februarie - BRUID

Skrifgedeelte: Openbaring 19:5-10 (NAV)

Fokusgedeelte: Openbaring 19:7, 8

Christus het Satan en alle ander bouse magte reeds oorwin. Die verlore kerk word voorgestel as 'n wonderlike bruid, gereed vir die bruilofsmaal.

In die tyd van Johannes het die huweliksluiting in drie fases verloop. Die eerste is die betaling van die bruidskat. Dit het die hemelse Bruidegom reeds gedoen met sy lyde op aarde (1Kor 6:20). Die tweede fase is die verlowing, waar die bruid wettig aan die man verbind word. Nou moet die bruid haar klere voorberei vir die dag as die bruidegom haar by hom neem. Die klere is die "regverdige daade van die gelowiges".

Dat ons regverdige daade kan verrig, is net genade, want dit is God wat haar dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek (Ef 2:10).

Ons, die hemelse bruid, het egter 'n groot verantwoordelikheid. Ons moet nou ons klere "was" en "wit maak" in die bloed van die Lam (Openb 7:14). Dit is die enigste manier waarop ons van ons sondeskuld bevry kan word. Ons almal weet hoe ons nog daaglik teen die sonde moet stry. Hoe meer ons ons egter in nederigheid aan die Here onderwerp, hoe heerliker werk die verlossende krag van God in ons lewens (Jak 4:5-10).

Die dag met die hemelse bruilof word die heerlike verbintenis met tussen die Lam en sy kerk 'n volle werklikheid. Dan verskyn die bruid met fyn, helder blink klere, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik (Ef 5:27) voor die hemelse Bruidegom. Die fees wat vir ewig aanhou, het aangebreek.

Dit is hierdie blye verwagting wat ons voortdurend van harte laat bid: "Amen! Kom Here Jesus!" (Openb 2:20).

Sing: Skrifberyming 18-3:8, 9

Ds APC Duvenage (Emeritus)